higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKREG N6

14 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Onwaar
1.3 Waar
1.4 Waar
1.5 Onwaar
1.6 Waar
1.7 Onwaar
1.8 Waar
1.9 Waar
1.10 Onwaar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Sake/dinge (2)

2.2 (a) Publiekreg
(b) Prosedure
(c) Hof (2 × 3) (6)

2.3 Grondwetlike (2)

2.4 Polisie- (2)

2.5 (a) Soewereine
(b) Permanente (2 × 2) (4)

2.6 Openbare (2)

2.7 Toerekeningsvatbaarheid (2)
[20]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Hofordonnanse
3.1.2 Klerk van die hof
3.1.3 Prokureur
3.1.4 Regter

(2 × 4) (8)

3.2 (a) Eiser – die persoon wat die saak aan die gang sit en ’n eis instel.
(b) Verweerder – is die persoon teen wie die geding ingestel word en wat ’n verweer teen die geding kan opper.
(c) Interdik – is ’n regsproses waar jy ’n hof versoek om iemand te beveel om op ’n bepaalde manier op te tree sodat inbreuk nie op jou regte gemaak word nie.

Kopiereg voorbehou

(d) Proklamasies – kan gedefinieer word as die handeling waarvolgens iets in ’n openbare of amptelike verklaring gesê word of ’n aankondiging wat deur ’n persoon in ’n magsposisie of deur ’n staat gemaak word.
(e) Handelsreg – reg wat met handel en nywerheid te make het.
(f) Verbintenisreg – reël die verhouding waar een persoon ’n reg teen ’n ander persoon het om te presteer en 'n plig op die ander persoon rus om te presteer.

(2 × 6) (12)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

4.1
- Vertolk/interpreteer die wet letterlik✓✓ – die betekenis van die woorde moet volgens hul grammatikale betekenis vertolk word.✓✓
- Woorde moet volgens hul gewone betekenis verstaan word✓✓ – tegniese woorde moet nie volgens hul gewone betekenis verstaan word nie, maar volgens hul algemene gebruik. ✓✓
- Algemene woorde moet volgens hul gewone gebruik vertolk word ✓✓ – as die wet op ’n algemene situasie betrekking het, behoort die toepassing van die wet ook algemeen te wees. ✓✓
- Die uitlêer/interpreteerder mag nie buite die bewoording van die wet beweeg nie✓✓ – geen byvoegings of weglatings van die woorde wat in wetgewing gebruik word, word toegelaat nie.
- Elke woord moet ’n betekenis hê/elke woord is belangrik✓✓ – betekenis moet aan elke woord toegewys word en woorde moet volgens hul gewone betekenis verstaan word. ✓✓ (Enige 4 × 5) (20)

4.2
- Dra die ware betekenis van die wetgewer oor.
- Identifiseer die doelwitte van daardie Wet.
- Bevat ’n program van aksie.
- ’n Verklaring van voorneme met betrekking tot die breë beginsels wat in ’n bepaalde Wet vervat is. (2 × 4) (8)

4.3
- ’n Bevel wat die administrateur se beslissing/besluit ongeldig verklaar.
- Beveel die administrateur om die beslissing te heroorweeg.
- Vervanging van die beslissing met die hof se eie beslissing.
- Beveel die staat om skadevergoeding aan die geaffekteerde persoon te betaal. (2 × 4) (8)

4.4
- ’n Persoon of liggaam besit die gesag en magtig ’n ander persoon of liggaam om ’n funksie namens hulle te verrig.
- Die houer van die gesag bly verantwoordelik vir die handelinge van die persoon.
- Die gesag word van die hoër persoon of liggaam na ’n laer persoon of liggaam oorgedra.
- Dit kan beskou word as die wetlike manier waarop die delegeerder die gedelegeerde magtig om namens hulle op te tree. (2 × 4) (8)

4.6 Ronald Lamola (2)

Kopiereg voorbehou

[46]

VRAAG 5

5.1 Formele toets✓✓

In ’n formele toets kan die volgende vrae gestel word:
- Is die liggaam deur die staat ingestel? ✓✓
- Is die gesag en pligte van die liggaam deur wetgewing vasgestel? ✓✓
- Beklee die liggaam ’n plek in die hiërargie van staatsgesag? ✓✓
- Is daar ’n hoër staatsgesag wat bevele beïnvloed wat aan die laer orgaan gegee word? ✓✓

Materiële/wesenlike toets✓✓

In ’n materiële/wesenlike toets kan die volgende vrae gestel word:
- Wat is die aard van die orgaan se aktiwiteite?
- Lewer die orgaan ‘n diens aan die publiek?
- Is die orgaan op wins ingestel?
- Is die orgaan ’n draer van staatsgesag?

(2 × 10) (20)

5.2 (a) Parlement – is die hoogste orgaan wat wetgewing kan aanneem.
(b) Provinsies ✓ – word deur parlementêre wetgewing gemagtig om ordonnansies uit te vaardig wat die organisasie en funksies van die provinsiale owerhede en die beamptes reël. ✓✓

(c) Proklamasies – kan gedefinieer word as die handeling om iets in die openbaar te sê.
(d) Regulasies ✓ – verwys na ’n skriftelike instrument wat reëls bevat wat regskrag besit.

(3 × 4) (12)

5.3
- Die aard van die besluit
- Die identiteit en kundigheid van die besluitnemer
- Die verskeidenheid faktore wat met die besluit verband hou
- Die redes vir die besluit
- Die aard van mededingende belange
- Die trefkrag van die besluit (2 × 6) (12)

5.4
- Plaas die kind onder die toesighouding van ’n proefbeampte.
- Plaas die kind onder die sorg van ’n geskikte persoon (ouer).
- Verwys die kind na ’n verbeteringskool. (2 × 3) (6)

[50]

VRAAG 6

6.1.1 Sivielregtelike eis/Staatsaanspreeklikheid (2)

6.1.2 Sivielregtelike eis behels dat 'n staat of regering aanspreeklik gehou word vir die delik of onregmatige handeling van die staatsamptenaar wanneer hy/sy besig is om pligte as staatsamptenaar uit te voer. (2)

6.1.3 Teen die Minister van die Departement van Gesondheid, omdat sivielregtelike eise teen die hoogste gesag van daardie bepaalde departement ingestel moet word. (4)

6.1.4
- Enige eis teen die staat, indien die eis teen 'n staatsamptenaar is.
- Die eis kan spruit uit enige kontrak wat wettiglik namens die staat gesluit is en wat verbreek is.
- Enige wederregtelike handeling deur 'n staatsamptenaar wanneer hy/sy in amptelike hoedanigheid optree.
- Op hierdie grondslag moet 'n regsgeding/hofsaak teen die uitvoerende gesag van die staatsinstellings ingestel word.
- Die eis sal volgens die uitspraak van die hof besleg word al dan nie.
- Indien die eis deur die hof toegestaan word, moet dit betaal word binne 30 dae vanaf die datum van die bevel.
- Die eis teen die staat moet vir 'n spesifieke bedrag geld wees. (Enige 2 × 6) (12)

6.2
- Die gevaar kan nie deur die toepassing van wette afgeweer word nie.
- Die noodmaatreëls moet in verhouding tot die noodgeval wees. (2 × 2) (4)

6.3
- Wetgewende gesag – dit het die bevoegdheid om regsreëls uit te vaardig, te wysig en te herroep.
- Uitvoerende gesag – die bevoegdheid om regsreëls uit te voer en af te dwing.
- Regsprekende gesag – die bevoegdheid om te bepaal wat die reg is en hoe dit in geskille toegepas behoort te word. (2 × 3) (6)

6.4
- Herstel grondregte van mense wat weens rassediskriminasie daarvan ontneem is.
- Herstel die oorspronklike grond.
- Voorsien alternatiewe staatsgrond.
- Staan vergoeding toe. (Enige 3 van die bostaande) (Enige 2 × 3) (6)

Kopiereg voorbehou

6.5

Mandaat	Dekonsentrasie	Desentralisasie
• Hoër owerheid gee opdrag aan laer owerheid.	• Gesag word verder na ’n laer orgaan gedelegeer.	• Gesag word aan ’n outonome owerheid oorgedra.
• Laer orgaan tree op in die naam van die hoër orgaan.	• Laer orgaan tree op in die naam van die hoër orgaan.	• Outonome orgaan tree in sy eie naam op.
• Beheer berus by senior.	• Beheer berus by die hoër orgaan deur middel van verslae.	• Outonome orgaan tree in sy eie naam op.
• Laer orgaan het geen diskresionêre magte nie en moet doen wat beveel word.	• Hoër orgaan skryf voor hoe die funksie uitgevoer moet word.	• Beheer berus by raad wat deur die minister aangestel word.
• Toesighouer bly verantwoordelik.	• Hoër orgaan skryf voor hoe die funksie uitgevoer moet word.	• Die outonome orgaan kan volgens sy eie diskresie handel.
• Delegasie kan maklik deur senior onttrek word.	• Hoër orgaan bly verantwoordelik.	• Departements-hoofde is verantwoordelik en doen aan die raad verslag.

(18)
[54]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou